

SUKSESVERHAAL

As 'n ouer weet jy dat elke mylpaal in jou kind se lewe 'n groot prestasie is en amper elke keer gaan dit gepaard met groot opgewondenheid en feesvieringe. Jou kind word meer en meer onafhanklik en selfversekerd met elke prestasie.

MAAR: Wat as 'n ouer afwesig is, dronk is en dag en nag haarself verkoop? Wat as 'n ouer nie tyd saam met hul kinders spandeer nie en hulle alleen op straat los?

Laat my asseblief toe om met julle 'n storie te deel van twee kinders wat so te sê hulself moes grootmaak, wat dag en nag alleen gelos is. Kinders gelos sonder kos, geen beskerming, geen liefde nie. Een kind is **18 maande oud en kan nie eers loop** nie, selfs nie met ondersteuning nie. Kinders wat so skaam is dat hulle bang is vir kontak met ander mense. 'n Kind wat aanvanklik as fisies gestremd beskou is en nooit normaal "sou" loop nie. Wie sal vir hierdie kinders sorg, vir hulle 'n huis vol liefde gee?

'n Paartjie wat nie kinders van hul eie kon hê nie, maar harte vol liefde het om te deel, was bereid, selfs om 'n gestremde kind se unieke uitdagings te neem. Die twee kinders is in hul sorg geplaas en 'n jaar later sal niemand hierdie kinders se vordering en groei glo nie. Dit is asof hulle met 'n tweeling vervang is. Hulle lyk dieselfde, maar hulle is nie dieselfde nie. Die skuheid word vervang met nuuskierigheid en 'n gretigheid om die lewe te verken. In die plek van die dun klein lyfies is stralende, gesonde, skoon, en netjiese gesiggies. En jy sal nooit glo nie, maar die toe 18 maande oue kleintjie, nou 28 maande, kan sowaar loop. 'n **"gestremdheid" is vervang met energie en moontlikhede van 'n blink toekoms.**

Baie dankie aan elke ouer wat onvoorwaardelik lief is vir hul kinders, veral dié ouers wie vir meer as hul eie sorg.

**Trienie Drotschie
CMR Mpumalanga**

